




## JUDITH BINGHAM – ORGAN MUSIC

*Jacob's Ladder – Parable for Organ and Strings (2007) (I: Leaving Home under a Cloud; II: Anxiety Dream; Entrácte: Falling into a Deep Sleep; III: Jacob's Ladder); St. Bride, assisted by Angels (2000); Prelude and Voluntary (from Missa Brevis, 2003) (Prelude: The Road to Emmaus; Voluntary: Et cognaverunt eum); Annunciation I (2000); Hope (1989/2003); Into the Wilderness (1982); The Gift (1996); Vol de nuit (2004); Gothick (1973/2009); Incarnation with Shepherds Dancing (2002/2003); Ancient Sunlight (2003) (I: Infancy; II: Betrothal; III: Annunciation)*

Tom Winpenny (orrel)
The Dmitri Ensemble o.l.v. Graham Ross
Naxos 8.572687 (CD 69:51)
Engelse kommentaar ingesluit
Opname: St. Albans-katedraal en abdykerk, St. Albans, Herefordshire, Verenigde Koninkryk




## WILLIAM BOLCOM – COMPLETE GOSPEL PRELUDES

**Book 1**: *What a Friend we have in Jesus!; La Cathédrale engloutie (Rock of Ages); Just As I Am;* **Book 2**: *Jesus Loves Me; Shall We Gather at the River (Fantasia); Amazing Grace;* **Book 3**: *Jesus Calls Us & O'er the Tumult; Blessed Assurance; Nearer, My God, to Thee;* **Book 4**: *Sometimes I Feel Like a Motherless Child; Sweet Hour of Prayer; Free Fantasia on 'O Zion, Haste' & 'How Firm a Foundation'*

Gregory Hand (orrel)
Naxos 8.559695 (CD 70:36)
Engelse kommentaar ingesluit
Opname: Rockefeller Memorial Chapel, Universiteit van Chicago, Illinois, VSA




## MARCO ENRICO BOSSI – ORGAN MUSIC

*Thème et Variations, Op. 115; Hora mystica, Op. 132, no. 4 (from: 'Cinque pezzi'); Pièce Héroïque, Op.128; Hora gaudiose, Op. 132, no. 5 (from: 'Cinque pezzi'); Fervore Op. 140, no. 1 (from: 'Tre momenti francescani'); Konzertstück in C minor, Op. 130a; Colloquio colle rondini Op.140, no. 2 (from: 'Tre momenti francescani')*

Pier Damiano Peretti (orrel)
Naxos 8.572177 (CD 77:40)
Engelse kommentaar ingesluit
Opname: Verden-katedraal, Verden, Duitsland

Die afgelope paar jaar is daar verskeie uitsonderlike CD-opnames op die Naxos-etiket uitgereik – etlike daarvan bekroon in Europa, Engeland en die VSA. Van die beste kunstenaars, ensembles, kore en simfonie-orkeste uit verskeie lande word gekontrakteer vir opnames. Afgesien daarvan dat bekende sowel as onbekende komponiste se werke opgeneem word, is spesifieke reekse ook al vrygestel, bv. die *Organ Encyclopedia* en American Classics waarin daar, in sommige gevalle, die volledige orrel-œuvres van sekere komponiste vervat is. Die Bach-, Dupré-, Reger- en Rheinberger-opnames dien as voorbeeld van sulke groter projekte. Wat die Naxos-uitreikings juis so prysenswaardig maak, is die feit dat ouer komponiste uit vergetelheid ontruk, en 'n jonger generasie komponiste onder die aandag van musiekliefhebbers gebring word. In drie indrukwekkende uitreikings die afgelope tyd, is daar gefokus op die orrelmusiek van Judith Bingham (Engeland), William Bolcom (VSA) en Marco Enrico Bossi (Italië). Hoewel die programnotas tot hierdie drie uitreikings aan die skraps kant is, bied dit 'n blik op die komponiste, kunstenaars en orrels. Hopelik inspireer dit liefhebbers van orrelmusiek om meer van hierdie komponiste en hul nalatenskap te wete te kom.

Bingham en Bolcom se orrelmusiek is nie kerkmusiek in die ware sin van die woord nie, maar konsertmusiek wat sterk beïnvloed is deur religieuse onderwerpe of bestaande kerkliedere. Die Bossi-uitreiking, daarenteen, bestaan uit musiek wat wissel van atmosfeerryke karakterstukke tot grootskaalse konsertkomposisies.

Die bekroonde komponis **Judith Bingham** (gebore 1952) het die afgelope jare gereeld in kerkkore in Londen gesing. Sy was nog altyd gefassineer deur die ryk klankverskeidenheid wat 'n orrel kan voortbring, die kombinasie van koorstemme en orrel, asook die akoestiese ruimte waarbinne koor en orrel funksioneer. Haar musiek word geïnspireer deur sekere indrukke, stories, of deur die gebou waarin die werk vir die eerste keer uitgevoer moet word. Die concerto *Jacob's Ladder – Parable for Organ and Strings* (2007), gekomponeer in opdrag van die Amerikaanse Orrelgilde vir hulle 2008-nasionale konvensie, open die CD op indrukwekkende wyse. Die ontginning van eenvoudige tematiese materiaal en die dramatiese uitbouing daarvan tot komplekse strukture, kenmerk hierdie werk. Die openingsmateriaal van hierdie komposisie is geïnspireer deur die orrel van die Bethel Universiteit, Minnesota, waar die werk vir die eerste keer uitgevoer is, se trap-fasade. Skilderye van Giotto (tonele oor die vroeë lewe van die maagd Maria – in die Scrovegni-kapel, Padua), Georges de la Tour (*Annunciation*) en Geertgen tot Sint Jans (*Nativity at Night*) is die inspirasie agter, onderskeidelik, *Ancient Sunlight*, *Annunciation I* en *Incarnation with Shepherds Dancing*. Verhale soos die versoeking van Christus deur die duiwel, Adam en Eva se vlug uit die paradys, die Johannes-evangelie en sonsopkoms op die Emmauspad, word meesterlik verklank in *Into the Wilderness*, *Vol de Nuit* en die *Prelude and Voluntary* (uit: *Missa Brevis*).

Bingham se voorliefde vir Franse orrelmusiek, veral dié van Francois Couperin, Nicolas de Grigny, Charles-Marie Widor en Jehan Alain, is merkbaar in haar eie orrelkomposisies, veral wat tekstuur en harmonie betref. Hoewel registrasie-aanwysings in Franse musiek baie spesifiek is, verkies Bingham om eerder staat te maak op die voordraer se inisiatief wanneer dit kom by registrasiekeuses. Sy dui wel moontlike manuaalwisselings en pedaalpassasies aan, en verskaf algemene interpretasie-aanduidings.

Tom Winpenny, assistent *Master of Music* van die St. Albans-katedraal, St. Albans (bygestaan deur die Dmitri-ensemble o.l.v. Graham Ross), lewer 'n uitmuntende en weldeurdagte uitvoering van die Bingham-komposisies. Afgesien van sy tegniese vernuf, toon Winpenny homself as 'n verbeeldingryke registreerder wat telkens daarin slaag om die atmosfeer van elke komposisie, hetsy misterie, verwondering of ekstase, effektief vas te vang. Die bydrae van die imposante klanke wat uit die nuut-herboude St. Albansorrel getoor word, dra by tot hierdie hoogs suksesvolle CD-vrystelling.

***

Die Amerikaner William Bolcom (gebore 1938), wie se komposisies wyd uitgevoer word, het sy komposisieopleiding by o.a. Darius Milhaud in Parys ontvang. Opdragkomposisies het bygedra tot sy bekendheid, en verskeie prestige toekennings wat aan hom gemaak is, o.a. die Purlitzer-prys vir Musiek (1988), het hom gevestig as komponis van internasionale statuur.

In 1979 het die *Dallas Chapter* van die *American Guild of Organists* hom versoek om nuwe orrelmusiek te komponeer vir die tak se sestigste bestaansjaar. Die resultaat van hierdie opdrag was die eerste drie *Gospel Preludes*. Die gewildheid van hierdie drie werke het spoedig gelei tot verdere komposisies wat uiteindelik in 'n reeks van twaalf preludes, opgeneem in vier bundels, vervat is. Verskeie musiekstyle, soos jazz, gospel en kabaret, asook atonaliteit, figureer in Bolcom se komposisies en dit is veral tekenend van sy reeks *Gospel Preludes*. Komplekse strukture, byvoorbeeld 'n kanon in die tenoor met 'n omgekeerde kanon in die pedale terwyl die *gospel*-melodie daaroorheen gehoor word, maak van 'n prelude soos *Just as I am* 'n uitsonderlike tour de force. Stadig-skuiwende klankwolke met hoogs komplekse motiewe, en 'n byna onherkenbare *gospel*-melodie, omskep *La Cathédrale engloutie (Rock of Ages)* tot 'n uitsonderlike luisterervaring. Ander gewilde en geliefde melodieë, soos *Jesus loves Me, Amazing Grace, Nearer, my God, to Thee* en *Sweet Hour of Prayer*, ontvang dramatiese, en soms uiters atmosfeerryke, behandeling. Die reeks word afgesluit met 'n effektiewe *Free Fantasia on 'O Zion Haste' and 'How Firm a Foundation'* waarin 'n hoogs-atonale, byna bisarre aanbieding van *O Zion haste*, gekontrasteer word met 'n 'swinging up-beat' *How Firm a Foundation* in 'n asimmetriese 5/4-tydsoort.

Die jong Gregory Hand, mede-professor in orrel verbonde aan die Universiteit van Iowa, bespeel die uitsonderlike groot instrument in die *Rockefeller Memorial Chapel* van die Universiteit van Chicago (ongeveer 140 registers). Die byna grenslose klankmoontlikhede van hierdie instrument word deeglik deur Hand benut: van die sagste tot welluidendste klanke word met mekaar gekontrasteer, soms word soomlose crescendo's bewerkstellig en ander kere word die luisteraar verras met eksotiese klankkombinasies. Hierdie CD-uitreiking toon Hand as 'n hoogs begaafde uitvoerende kunstenaar.

***


Enrico Marco Bossi (1861-1925) het in Italië bekendheid verwerf as orrelis, komponis en direkteur van musiekkonservatoriums in Venesië, Bologna en Rome. Hy het ook gedien op die destydse Koninklike Kommissie vir Toonkuns en op hierdie wyse geweldig baie gedoen om die standaard van musiekonderrig en -uitvoering in Italië te bevorder. Hoewel Bossi se œuvre o.a. koor-, orkes- en kamermusiek insluit, bestaan daar ook 'n uitgebreide nalatenskap in orrelliteratuur. Onder sy vriende en kennisse het mense soos Franck, Karl Straube en Reger getel, en hierdie persone het hom ondersteun deur van sy musiek te speel. Die hoogs-romantiese idioom waarbinne Bossi gekomponeer het, in 'n stadium toe die Impressionisme en vroeg twintigste-eeuse atonale musiek na vore begin tree het, was die oorsaak daarvan dat sy komposisies – ten onregte – gou in vergetelheid verval het.

Die kosmopolitaanse invloede in Bossi se musiek word uitstekend in die programkeuse vir hierdie CD weerspieël. Die openingswerk, *Thème et Variations, Op. 115,* en *Pièce Héroïque*, Op. 128, verraai, afgesien van die Franse titels, die invloed van Franck – iemand vir wie Bossi groot bewondering gekoester het. Met die grootskaalse *Konzertstück, Op. 130a*, opgedra aan Straube, toenmalige koormeester-orrelis van die Leipzig St. Thomaskerk, toon Bossi sy genialiteit in die hantering van die Duitse simfoniese orreltradisie. Die *Hora mystica en Hora gaudiosa* (Opus 132,

no. 4 en 5) is, Italiaanse titels ten spyt, gekomponeer in dieselfde stemmingsvolle styl as van die korter Reger-karakterstukke vir orrel.

In *Tre Momenti francescani, Op.140* (1920) openbaar Bossi homself as 'n toonskilder van formaat. Hierdie laat-werk is gebaseer op sekere indrukke uit Franciscus van Assisi se lewe. *Fervore* (Vurige ywer / Innigheid), sowel as *Colloquio colle rondini* (Gesprek met die swawels), roep ekstatiese meditasies oor die natuur op, en die meesterlike wyse waarop toonskildering plaasvind, herinner sterk aan die sfeervolle komposisies van Debussy.

Die orrelis Pier Damiano Peretti, tans verbonde aan die Weense Konservatorium vir Musiek en Uitvoerende Kunste, lewer 'n weldeurdagte en uiters musikale uitvoering van hierdie aantreklike literatuur. Die opnames is gemaak op die Verden-katedraal se Furtwängler & Hammer-orrel uit 1916. Die klankidioom is Duits-simfonies, met volronde 8'-klanke, indrukwekkende tongwerke van verskillende aard en die nodige hoër registers om die klankpalet te voltooi. Dit alles gesê, slaag Peretti daarin om die nodige Franse klanke voort te bring in die komposisies wat dit vereis. Mag daar spoedig nog Naxos-uitreikings van Bossi-komposisies wees.




## HENDRIK ANDRIESSEN – ORGAN WORKS

*Sonata da Chiesa; Intermezzo I - IV (uit: Intermezzi per organo, prima raccolta); Premier Choral; Intermezzo IX - XI (uit: Intermezzi per organo, prima raccolta); Thema met variaties; Intermezzo XIX - XXI (uit: Intermezzi per organo, seconda raccolta); Toccata; Aria.*

Willeke Smits (orrel)
TRCS 600606 (CD 60.08) "Composer Series"
Nederlandse kommentaar ingesluit
Opname: Sint-Willibrordkerk, Utrecht, Nederland

In die skitterend gerestoureerde St. Willibrordkerk te Utrecht, Nederland, staan daar 'n 2-manuaal Maarschalkerweerd-orrel van middelslaggrootte wat deur die jare verskeie herbouings en herplasings beleef het. In 1998 is die orrel uit die kerk verwyder terwyl die kerkrestourasie aan die gang was. Terselfdertyd het die orrel ook 'n grondige restourasie ondergaan voordat dit weer in die kerk teruggeplaas is in 'n gunstiger opstelling: direk onder die loodglasvensters teen die agterste muur van die skip, teenoor die altaar, met die speeltafel direk onder die orrelkas op die grondvloer.

Onlangs is 'n CD uitgereik deur die Utrechtse orrelis Willeke Smits, gewy aan komposisies van Hendrik Andriessen, eens die direkteur van die Utrechtse Musiekkonservatorium en orrelis van die Katolieke Catharijne-katedraal. Vier van Andriessen se bekendste, en waarskynlik mees-gespeelde komposisies, nl. *Sonata da Chiesa, Premier Choral, Thema met Variaties* en *Toccata*, word telkens afgewissel met 'n versameling korter *Intermezzi*. 'n Aria ('bonus track') sluit die program af.

Die oorheersende invloed op die Andriessen-werke is onmiskenbaar Frans. In die *Premier Choral pour orgue* verleen hy klankmatig, maar ook in vormgewing, erkenning aan die *Trois Chorals* van Cesar Franck. 'n Eie-geskepte koraaltema word, wat motiewe en harmonieë betref, ontgin en lei die werk tot 'n majestueuse slot. Die *Sonata da Chiesa* is opgeneem in die Unisa-orrelsillabus en is waarskynlik hier ter plaatse die bekendste werk uit die Andriessen